## ONTHOU:

- Tydens P&W is jy besig met GOD!
- Jou maatjies, jou klere en jou hare is nie dan belangrik nie!! Ook nie wie vir jou kyk of wat hulle van jou dink nie!
- Dis JOU tyd saam met God!!
- Is dit vir jou lekker wanneer jy met iemand probeer praat, maar hulle luister nie regtig nie en is besig met iets of iemand anders?? NEE, dis AAKLIG, so is dit ook vir God AAKLIG wanneer jy P&W, maar Hy is nie jou focus nie en jy is eintlik met iets of iemand anders besig, dis eintlik 'n klap in Sy gesig!!!
- KYK wat jy sing, want terwyl ons sing maak ons baie keer beloftes aan God, en Hy gaan VERWAG dat jy doen wat jy belowe het, DAAROM is dit belangrik dat jy seker maak dat jy weet wat jy sing, en BEDOEL wat jy sing – onthou die gesegde: Beloftes maak skuld!!

## SAMEVATTING:

Ons het gesê wanneer ons partytjie hou, geniet ons onsself, MAAR self partytjies het reëls – so ook P&W, geniet dit maar onthou om dit met respek te doen en NIE 'n bespotting daarvan te make nie!! Onthou WAAROOR en oor WIE dit gaan!!

Deut 32;3; Ex 15:1; Ps 100:4; Ef 5:18-19; Ps 69:31;
Ps 18:47; Ps 104:1; Ps 9:2; Ps 106:1; Jes 42:10; Ps 63:5;
1 Kron 29:11

# PRAISE EN WORSHIP:

## WAT IS PRAISE EN WORSHIP?

Dis om God se Naam groot te maak met musiek, en vir Hom te sê hoe 'great' Hy is en wat Hy vir ons beteken, en hoe jy oor Hom voel

## WIE IS GOD?

| EIENSKAP | TEKSVERS |
|---|---|
| Alwetend | 1 Joh 3:20 |
| Alomteenwoordig | Jerm 23: 23-24 |
| Regverdig | Jerm 23:5-6 |
| Kragtig | 2 Kor 10:4 |
| Lig | 1 Joh 1:5 |
| Heerser | Dan 4:35 |
| Groot | Ex 15:11 |
| Liefde | 1 Joh 4:8 / 16 |
| Genadig | Rom 3:23-24 |
| Onveranderlik | Heb 1:12 / Heb 13:8 |
| Ewig | Gen 21:33 |
| Getrou | 1 tess 5:24 |
| Allerhoogste | Ps 97:9 |
| Heilig | 1 Pet 1:15-16 |
| Volmaak | Matt 5:48 |
| Enigste God | Jes 45:22 |
| Onbegryplik | Job 36:26 |
| Almagtig | Job 37:23 |
| Onafhanlik | Hand 17:24-25 |
| Ewige Koning; Onverganklike; Onsienlik; Enigste God | 1 Tim 1:17 |

## **HOEKOM PRAISE EN WORSHIP ONS**?

| | |
|---|---|
| 1 Kron 16:8 | Ons prys God vir wat Hy gedoen het |
| 1 Kron 16:9 | Ons prys God oor Sy magtige dade |
| 1 Kron 16:10 | Ons roem Sy naam – maak dit groot |
| 1 Kron 16:11 | Ons kom in God se teenwoordigheid in met P & W |
| 1 Kron 16:25 | God is groot daarom verdien Hy ons lof |
| 1 Kron 16:34 | God is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie |
| 1 Kron 16:36 | Aan God kom lof toe |
| Ps 100:3 | Ons erken die Here as God wanneer ons P & W |
| Ps 100:5 | Die Here is goed vir ons |
| Ps 147:7 | Ons sê dankie – 'n danklied |
| Ps 47:3 | Hy is die groot Koning |

## **WAT GEBEUR WANNEER ONS PRAISE EN WORSHIP**?

| | |
|---|---|
| 2 Kron 5:13-14 | Dit bring ons in God se teenwoordigheid in – Ons is God se tempel, daarom is dit ook van toepassting op ons |
| Hand 16:23-26 | Dit breek kettings in die Gees, soos God die fisiese kettings om hulle gebreek het |
| 2 Kon 3:15 | Die krag van die Heilige Gees kom oor jou – jy ervaar die Heilige Gees se teenwoordigheid |
| 2 Kron 20:12-22 | Dit help ons om 'warefare' in die Gees te doen, breek bindings, sodat God kan begin werk en die oorwinning vir ons kan behaal – eers P&W en DAN bid/warfare |
| 1 Sam 16:16/23 | Laat bose geeste manifisteer/ uitkom |

## **OP WATTER MANIERE KAN ONS PRAISE EN WORSHIP?**

| | |
|---|---|
| Ps 147:1 | Geniet dit |
| Ps 100:2 | Met blydskap en gejubel |
| Ps 149:1 | Deur te sing |
| Ps 149:3 | Deur te dans en op musiekinstrumente te speel |
| Ps 47:2 | Deur hande te klap |

## **WORSHIP:** Wat is die verskil tussen Praise en Worship?

**PRAISE**: gewoonlik bietjie 'loud', lekker ritme, lewendig, ek wil handeklap en dans – soos losdans

Met Praise maak ons God se Naam groot.

**WORSHIP**: baie rustiger as Praise, gewoonlik stadiger, dit voel of jy jou oë wil toemaak en dis
net jy en God, dit voel of jy jou diepste geheime met God wil deel. Amper soos 'n standige vasdans en dit voel of jy wegsmelt in die Een met wie jy dans se arms.

Met Worhship vertel jy vir God hoe jy oor Hom voel.

## **WIE OF WAT IS ONS FOKUS TYDENS PRAISE EN WORSHIP?** 1 Kron 15:28-29

- Toe Dawid die Ark van die Here teruggebring het, het hy gesing en gedans in die strate tot eer van God, sonder om skaam te wees.
- Sy vrou, Mikal, was gewalg deur wat sy vanuit haar kamervenster gesien het, want sy was bang dat hy die mense se respek sou verloor, want HAAR fokus was op die mense en nie op God nie!!
- Sy het daarmee die geleentheid verby laat gaan en verloor om God te loof en te prys vir Sy 'blessings'